INVOER

Namibië maak beswaar teen vereistes

SUID-AFRIKA het aangekondig dat hy sy maatreëls ten opsigte van die invoer van lewende beeste, skape en bokke van lidlande binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeensakp standaardiseer.

Die nuwe vereistes sal op 1 Mei vanjaar in werking tree.

Die nuwe, streng invoervereistes kan die Namibiese veebedryf 'n knou toedien, sê verteenwoordigers van dié bedryf.

Volgens die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het hooggeplaastes in die Namibiese veebedryf en afgevaardigdes van die Namibiese ministerie vir landbou, water en bosbou Suid-Afrika op 6 en 7 Maart besoek om samesprekings met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye te voer.

Daar was slegs afgevaardigdes van die onderskeie departemente en konsultante teenwoordig.

Volgens die Namibiese afgevaardigdes moet toetse gedoen word vir siektes wat nie in Namibië voorkom nie. Die nuwe vereistes sal sy boere, asook die in- en uitvoerbedryf, 'n knou toedien ná die onlangse droogte.

Volgens mnr. Lardus van Zyl, voorsitter van die RPO, duur die samesprekings voort.

"Dit is nog in die onderhandelingsfase en ons wag om te hoor wat besluit gaan word."

Suid-Afrika het verlede jaar 389 205 skape en bokke, 252 710 beeste en 35 424 varke vanuit Namibië ingevoer.

– LEANNE GEORGE

BRANDMERKE

Departement gee meer inligting oor diere-identifikasie

DIE Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het 'n dokument oor die identifikasie van diere ingevolge die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) bekend gestel.

Diere-identifikasie word as die eerste stap in die stryd teen veediefstal gesien. Dit is verpligtend om alle beeste, skape, bokke en varke in die land te merk.

Die doel van die dokument is om die nasionale register vir diere-identifikasiemerke te bestuur sodat positiewe identifikasie van eiendom en opspoorbaarheid bevorder word. Funksies sluit in die ontwikkeling van 'n beleid oor diere-identifikasie, om te verseker dat daar gelyke toegang tot diensverskaffers is en om tot swart bemagtiging by te dra deur werkgeleenthede vir geregistreerde merk-operateurs te skep.

Wettige merke het die volgende voordele:

- Dit is 'n sigbare afskrikmiddel – veediewe steel eerder diere wat nie gemerk is nie.
- Dit lei tot positiewe identifikasie.
- Dit lei tot doeltreffender polisiëring.
- Dit maak opspoorbaarheid moontlik.
- As verlore of gesteelde diere gevind word, is dit moontlik om die eienaar op te spoor.

Hoe om 'n identifikasiemerk te registreer:

- Alle eienaars moet aansoek doen om 'n identifikasiemerk.
- Vorms is beskikbaar by voorligtingsbeamptes, die SA Polisiediens se veediefstaleenhede en die Registrateur van diere-identifikasie.
- 'n Eenmalige registrasietarief is betaalbaar.
- Alle identifikasiemerke moet geregistreer wees.
- Die registrasie word op die nasionale register van diere-identifikasiestelsel geplaas.

Dit is die plig van alle eienaars van beeste, skape, bokke en varke om 'n identifikasiemerk op die voorgeskrewe manier by die Registrateur van Veemerke te registreer. Indien die merk op die diere nie meer gesien kan word nie, moet diere weer in pas met wettige voorskrifte gemerk word.

Enige eienaar van 'n dier met 'n identifikasiemerk wat dit wil verkoop of weggee binne 14 dae nadat hy/sy die eienaar van die dier geword het, moet 'n nuwe dokument van eienaarskap aan die nuwe eienaar voorsien. Dit beteken dat daar binne 14 dae van die dier ontslae geraak kan word sonder dat dit nodig is om dit met die nuwe eienaar se merk te brandmerk. Dit is omdat dit reeds die vorige eienaar se merk het en daar 'n dokument van eienaarskap uitgereik is.

'n Eienaar van 'n dier wat dit wil verkoop of weggee ná 14 dae, moet die dier eers met sy of haar eie merk brandmerk voor daar van die dier ontslae geraak kan word.

Die nuwe eienaar moet die dokument van identifikasie 'n jaar lank hou. Dit beteken dat daar nie ná 14 dae van die dier ontslae geraak kan word sonder dat dit met die nuwe eienaar se merk gebrandmerk is nie. 'n Dokument van identifikasie moet ook uitgereik word.

WETTIGE IMPLIKASIES

Geen persoon mag 'n dier met 'n merk brandmerk wat nie geregistreer is nie en ook nie met 'n geregistreerde brandmerk merk sonder die toestemming van die eienaar van die spesifieke merk nie. Dit is onwettig om 'n geregistreerde identifikasiemerk anders te gebruik as wat voorgeskryf word of 'n merk te gebruik wat nie voorgeskryf is vir die groep waaraan die dier behoort nie.

Dit is 'n oortreding as 'n merk-operateur nie 'n register byhou nie of om diere in sy of haar besit te hê wat nie volgens die voorskrifte van die wet gemerk is nie. Dit is ook onwettig om enige merke op 'n dier te verander, te vermink of uit te wis. Dit is 'n oortreding om 'n dier te verkoop waarvan die oor sonder 'n wettige rede afgesny is.

Die vonnis vir sulke oortredings is 'n boete of tronkstraf vir nie langer as ses maande nie of 'n boete én tronkstraf.

ALTERNATIEWE MANIERE VAN IDENTIFIKASIE

Dit is nou moontlik om by die Registrateur aansoek te doen om alternatiewe metodes vir die identifikasie van diere. Dit is egter nie van toepassing op individuele eienaars nie.

Voorsiening word hier gemaak vir onder meer die toepassing van 'n enkele merk om aan te dui dat die dier 'n mikroskyfie het. Sulke eienaars moet altyd toegang tot 'n skandeerder of leser hê.

Dit sal onderhewig wees aan streng voorwaardes om die werk van die SAPD te vergemaklik.

Daar is gevind dat warm ystermerke vir beeste en tatoeëermerke vir kleinvee die kostedoeltreffendste maniere bly om die spesifieke diere te merk.

Die dokument is beskikbaar op die webblad **www.arc.agric.za**.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISBEDRYF GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 348 1933**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.